Promosie-artikel

# Feedtek:
## 20 jaar van volgehoue groei

Die Feedtek-groep het sedert sy ontstaan in 2001, ongekende groei en sukses ondervind. Van 'n beskeie begin met vyf veekundiges en drie agente, is die groep vandag 'n span van 15 veekundiges (met meer as 300 jaar gesamentlike bedryfservaring) en 'n bemarkingspan van meer as 25 agente.

Die Feedtek-model is só saamgestel dat alle funksies behalwe produkontwikkeling, tegniese en bemarkingsondersteuning, aan spesialiste uitgekontrakteer word. Dit stel die groep in staat om al hul energie op die ontwikkeling van topgehalte produkte te fokus, en dit met persoonlike, tegniese ondersteuning te rugsteun.

Met dié model het Feedtek reeds duisende veeboere, asook voerkrale en streeksmeulenaars, in staat gestel om aan die voorpunt van voertegnologie te bly en, ondanks die kosteknyptang waarin die bedryf hom tans bevind, steeds winsgewend te wees.



*Feedtek se hoofreeks gespesialiseerde veevoerkonsentrate vir alle soorte plaasdiere.*

### Langtermynverhoudings
Die Feedtek-filosofie is baie eenvoudig: Ons vorm persoonlike langtermynverhoudings met elke kliënt ten einde hul voerwinsgewendheid oor tyd te optimaliseer.

In vinnig veranderende mark- en klimaatstoestande is dit belangrik om gereelde kommunikasie tussen die kliënt en die Feedtek-veekundige te handhaaf, sodat die nodige voerstelselaanpassings gemaak kan word om verliese vroegtydig te voorkom.

Vir Feedtek is persoonlike kontak met ons kliënte dus 'n bepalende suksesfaktor. Met elke tree na sukses loop ons saam en bedien ons kliënte met raad en inligting om die beste besluite te kan neem. Vir dié rede het die Feedtek-groep 'n uiters lojale kliëntebasis, waarvan die meeste die pad al lank saam met ons stap.


*Feedtek se landswye span veevoerspesialiste en verkoopsverteenwoordigers.*

### Moderne tegnologie
Feedtek strewe daarna om te alle tye op hoogte te bly van die nuutste voertegnologie en voedingsbeginsels. Die groep geniet noue samewerking met verskeie maatskappye wat in die evaluering en verkryging van tegnologie en produkte spesialiseer. Feedtek gebruik van die modernste voerformuleringsagteware en -modelle wanneer aanbevelings gemaak word.

Alle veekundiges in die groep is óf reeds by die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplikes (SARNAP) as veevoedingskundiges geregistreer, óf werk onder mentorskap van 'n voedingkundige totdat hulle self kan registreer. Alle skriftelike aanbevelings wat deur Feedtek gemaak word, moet dus voldoen aan die vereistes soos deur SARNAP daargestel. SARNAP rugsteun die werk van al sy lede, sodat die veeboer en meulenaar volkome gemoedsrus kan hê.

### 'n Suksesvolle benadering
As deel van Feedtek se gebalanseerde benadering tot die samestelling van voere en lekaanvullings, word die klem

op korrekte vlakke van roumateriale in verhouding tot makro- en spoorminerale, vitamiene en uitgesoekte voerbymiddels geplaas, met die doel om optimale benutting van beskikbare roumateriale te verseker. Dié benadering is herhaaldelik hoogs suksesvol toegepas om hoë produksie, reproduksie en doeltreffende voeromset in verskillende diereproduksiestelsels te verseker.

Landswyd word verskeie voere en lekaanvullings vir alle soorte plaasdiere met Feedtek se gespesialiseerde konsentrate tuis vermeng en vir 20 jaar al suksesvol en winsgewend deur produsente gebruik. Boonop word plaaslik beskikbare en selfgeproduseerde grondstowwe ten volle op plaasvlak benut.

### Gespesialiseerde konsentrate

Die hoofreeks produkte wat deur Feedtek ontwikkel is, is 'n standaard reeks gespesialiseerde veevoerkonsentrate (makrovoormengsels) vir alle tipes plaasdiere, selfs konyne, volstruise en wildspesies. Alle produkte word deur 'n spesialis voormengselvervaardiger, volgens baie streng gehalte-standaarde vervaardig.

Die reeks het die afgelope 20 jaar uitsonderlike sukses geniet, met 'n gemiddelde groei van meer as 17% per jaar in omset. Soos die reeks meer bekend geraak het en produsente se nuus oor hul welslae met ons produkte en diens versprei het, het al hoe meer veeboere as tevrede kliënte by die groep aangesluit.

Met 15 veekundiges in ons span, is daar vir elke produsent 'n plaaslike veekundige beskikbaar om pasmaak-aanbevelings volgens die plaas se omstandighede en beskikbare voerbronne te maak. Dit gee ons kliënte gemoedsrus om te weet dat die voedingkundige op kort kennisgewing by die plaas of voermeule kan uitkom.

### Professionele ontwikkeling

Feedtek het vroeg reeds besef dat die groep se toekoms berus op die inbring van jong veekundiges, wat onder ervare persone kan werk en ondervinding opdoen om eendag die leisels oor te neem. Daarom het Feedtek sedert 2007 nie minder nie as agt beurse aan veekundestudente beskikbaar gestel om hul nagraadse studies in voeding te voltooi.

Sedert 2010 het Feedtek reeds tien jong, gekwalifiseerde veekundiges by die groep betrek, indiensopleiding verskaf en hulle ondersteun in die suksesvolle vestiging van 'n loopbaan by Feedtek. Vandag beskik ons oor 'n span met uitstekende ondervinding wat ten volle bevoeg is om hul kliënte te ondersteun.

Feedtek se doelwit is om ons kliënte ingelig en op die voorpunt van voertegnologie te hou, sodat hulle die beste besluite kan neem om volhoubaar en optimaal winsgewend te bly. Ons is positief oor die toekoms van die veevoerbedryf in Suider-Afrika en sien uit daarna om dit saam met ons kliënte aan te pak.

Vir meer inligting oor die groep en ons produkte, besoek *www.feedtek.co.za* of kontak ons by info@feedtek.co.za of 086 111 5362.

FEEDTEK 20

# Groei saam met ons!

**20 Jaar van gespesialiseerde veevoer konsentrate**

- **Meng self wetenskaplik gebalanseerde voere vir alle plaasdiere**
- **Benut lokale grondstowwe maksimaal**
- **300 Jaar tegniese kennis in elke sak**
- **Nuutste voertegnologie**
- **Super gekonsentreerd**
- **Maklik hanteerbare sakke**




086 111 5362 info@feedtek.co.za www.feedtek.co.za